MODULE 6

Dialoog: Annerle Barnard, bekroonde jeugfiksieskrywer.



Indien jy belangstel om op Barnard se nuusbrief in te teken ten einde gratis inligtingstukke en skryfwenke te ontvang, teken aan op die volgende webblad:

https://annerlebarnard.co.za/



BIOGRAFIE:

Annerle Barnard is op 30 April in Musina gebore. Aan die einde van haar Graad 4-jaar verhuis hulle en verruil die Bosveld se massiewe onderstebo-bome vir die rooi vlaktes van die Noordwes. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Wolmaransstad. In 1993 voltooi sy ’n BA (Hons) (Engels) aan die Noordwes-Universiteit. Daarna volg 'n Hoër Onderwys Diploma. Aanvanklik hou sy skool, maar begewe haar later in die korporatiewe sektor.

Barnard is getroud en het twee sportiewe seuns en ’n wonderlike, ewe sportiewe, stiefdogter. Barnard hou van lees, reis en die natuur. En noodgedwonge kyk sy redelik baie sport.

FUNKSIES VAN DIALOOG

1. Dit onderskei karakters van mekaar en maak elke karakter uniek.
2. Dit help jou om die plot te stuur.
3. Via die dialoog kan jy konflik laat opbou of dit oplos. Die konflik in jou storie bepaal hoe styf die spanningslyn gespan is.

GOEIE DIALOOG?

1. Wanneer die skrywer se hand in die dialoog nie duidelik is nie, maar dit natuurlik voorkom, is die dialoog goed.
2. Vermy ‘n “info dump” (inligtingstorting), m.a.w. wanneer die dialoog doelbewus aangewend word om die leser onder inligting toe te gooi.
3. Goeie dialoog moet wees soos iemand wat afluister en dit wat gesê word te interessant is om te ignoreer.

4. Verskil jou karakters se stemme van mekaar (m.a.w. toonaard, woordeskat, gunsteling uitdrukkings en idiome)?

   4.1 Hoe verskil Bossie en Paul se stemme van mekaar (*Sindikaa*t)? Noem 3 voorbeelde:

Bossie	Paul

   4.2 Hoe verskil Lukas en JJ se stemme (*Spel*)? Noem 3 voorbeelde.

Lukas	JJ

ONTWIKKELING VAN DIE PLOT VIA DIALOOG

1. Moenie die leser onder inligting begrawe nie. Voorbeeld daarvan:

   "Jy weet, Stefan, daar was nie naastenby genoeg warmbrakke tydens die afgelope interhoër nie."

   "Ek onthou, Johan. Die hoof het amper 'n toeval gekry toe ons vir 'n klomp van die besoekende spanne moes sê om by die Wimpy kos te gaan koop."

   Bostaande is lomp. Hoekom vertel Johan vir Stefan van hierdie probleem? As beide leerders aan dieselfde skool is, sal hy dit mos weet. Dis slegs om inligting aan die leser te verskaf.
   Is dit effektief?
   Nee.

HOE VERMY JY 'N INLIGTINGSSTORTING IN DIALOOG?

1. Dra die inligting via 'n argument oor:
   "Stefan, ek hoop julle sorg dat daar hierdie keer genoeg warmbrakke by die interhoër sal wees."
   "Regtig, my ou? Regtig? Dis jy en juffrou du Plessis wat laas die beplanning en aankope gedoen het. Ek en my span maak net die dekselse worsies gaar. As julle dit gekóóp het, sou ons dit gaargemaak het. Moenie met klippe gooi terwyl jyself vierkantig agter die deur staan nie, Johan."

2. Laat jou karakters inligting vergelyk:
   "Hoeveel worsies dink jy gaan ons vir hierdie interhoër nodig hê, Stefan?"
   "Nie seker nie. Die winkels is weens die stakings steeds leeg. Dis 'n massiewe probleem."
   "En die hoof het vanoggend al sy speelgoed teen die muur gesmyt. Juffrou du Plessis gooi handevol Rescue pille in haar keelgat af. My nekspiere is stokstyf. Nooit weer dien ek op enige komitee nie!"

3. Een van jou karakters kan oningelig wees:
   "Gaan ons met hierdie stakings genoeg warmbrakke vir die interhoër hê, Stefan?"
   "Wat het die stakings met die warmbrakke uit te waai, Johan?"
   "Die winkels is dolleeg en die stakings gaan nie vinnig ophou nie. Dis 'n massiewe probleem. Ek hoop die hoof verstaan dat ons nie kan toor nie."

4. Skryf die dialoog as narratief.
   Stefan en Johan krap kop. Die interhoër begin oor 24 uur. Weens die staking is die winkelrakke leeg, maar die skoolhoof het verwagtinge. As hulle by sy kantoor gaan aanklop, gaan hy méér as net 'n toeval kry.

WAT LEER JY UIT DIE DIALOOG?

1. Bossie en Paul se verhouding? (*Sindikaat*, bl. 7 - 13)
   _____
2. Hoe verskil Bossie en Paul se waardestelsels? (*Sindikaat,* bl. 7)
   _____

3. Gee Bossie om vir Paul en indien wel, waarom beplan hy om met sy planne voort te gaan? *(Sindikaat,* bl. 7 – 13)

_____

4. Hoe dink jy voel Jolene oor Lukas (*Spel*, bl. 202)

_____

5. Hoe voel Lukas oor Jolene na sy ontdekking op bl. 211 (*Spel*)?

_____

6. Wat leer jy uit die dialoog op bl. 234 en 235 (*Spel*)?

_____

JOU KARAKTERS SE STEMME

Elke karakter moet sy/haar eie stem hê, m.a.w. uniek wees ten opsigte van die volgende:

1. Persoonlikheid
2. Bui of gemoedstoestand
3. Agtergrond (geletterdheid, ouderdom, sosio-ekonomiese klas, ens.)
4. Kernverskille tussen die karakters

Dink aan Gollum (Sméagol) vs. Sam in *The Twin Towers,* J.R.R. Tolkien.

> "Where iss it, where iss it: my Precious, my Precious? It's ours, it is, and we wants it. The thieves, the thieves, the filthy little thieves. Where are they with my Precious? Curse them! We hates them."
>
> "It doesn't sound as if he knew we were here, does it?" whispered Sam. "And what's his Precious? Does he mean the —"

VERMY BYWOORDE IN DIALOOGMERKERS (DIALOGUE TAGS)

Situasie: Sandra hou van die nuwe ou in graad 11. Hy is mal oor Wiskunde. Sy doen moeite om met hom te praat, al is sy skaam/senuweeagtig.

"Hou jy van Wiskunde?" vra sy met 'n stem wat liggies bewe. 😵

Eerder:

"Hou jy van Wiskunde?" Sy maak keel skoon en vee haar klam handpalms aan haar rok af.

OPDRAG 1:

Lees *Sindikaat:*

1. Hoe maak Barnard seker dat die karakters in die roman se stemme verskil?

   _____

2. Gebruik party meer slengtaal of informele uitdrukkings as ander?

   _____

3. Is die karakters se woordeskat verskillend?

   _____

4. Is enige van hulle stiller/minder spraaksaam as die ander?

   _____

5. Wat sê Karlien se kommunikasie oor haar in die eerste deel van die roman? (Nie slegs dialoog nie. Ook die kere wat sy kies om nié te kommunikeer nie, sowel as haar houding.)

   _____

OPDRAG 2:

Lees *Spel:*

1. Hoe maak Barnard seker dat die karakters in die roman se stemme verskil?

   _____

2. Gebruik party meer slengtaal of informele uitdrukkings as ander?

   _____

3. Is die karakters se woordeskat verskillend?

   _____

4. Is enige van hulle stiller/minder spraaksaam as die ander?

   _____

OPDRAG 3:

Jy het na afloop van Module 1 ‘n storie (350 — 450 woorde) geskryf. Herskryf nou daardie storie en maak seker dat jou dialoog effektief is. Wys. Moenie vertel nie (soos bespreek in Module 4).